Reformerende Kerk
Pretoria

Gay en Christen *(please scroll down for english translation)*

Ons glo dat gay mense ook Christene kan wees. Waarom sê ons so? Want enige mens kan 'n Christen word! "So lief het God die wêreld gehad, sodat elkeen wat in glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." (Johannes 3:16) Dit gaan dus oor geloof en nie oor seksuele oriëntasie nie. Dit is moontlik vir ELKEEN WAT GLO - dus ook vir die gay mens wat GLO.

Ons glo dat ons deur geloof - en alleen deur geloof vir God aanvaarbaar word. Daar is niks wat mense van hulle kant af kan doen om by God aanvaarbaar te word nie. Vir baie eeue verkondig die tradisionele kerke dat mense alleen gered word deur genade en nie deur werke nie. Die Here Jesus het alles gedoen wat nodig was om die mensdom weer by God uit te bring, deur sy lewe op te offer aan die kruis. Gay mense hoef nie hulle seksualiteit "op te offer" om by God aanvaarbaar te word nie! Die oomblik wanneer `n mens probeer om iets TE DOEN om by God aanvaarbaar te word, sou dit neerkom op `n miskenning van die unieke offer van Jesus - en dit is nie wat God van ons verwag nie!

- Ons glo dat gaywees nie `n sonde is wat bely moet word nie.
- Ons glo dat gaywees nie `n afwyking is wat reggestel moet word nie.
- Ons glo dat gaywees nie `n siekte is wat genees moet word nie.
- Ons glo dat gaywees nie `n demoon is wat uitgedryf moet word nie.
- Ons glo dat gaywees `n voorreg is.
- Ons glo dat gaywees `n gawe van die Skepper is wat met dankbaarheid uitgeleef kan word.

Reformerende Kerk
Pretoria

Gay and Christian

We firmly believe that gay people can be Christians. Why do we say this? Because anybody can become a Christian! "For God so loved the world that He gave His only begotten Son, that whosoever believeth in Him should not perish, but have everlasting life" (John 3:16 SJV). In other words it is a matter of faith and not of sexual orientation. It is possible for WHOSOEVER BELIEVES IN HIM – also for gay BELIEVERS.

We believe that it is by faith – and faith in God alone, - that we become acceptable to God. There is nothing that a person can do on his own to become acceptable to God. For many centuries the traditional churches have been proclaiming that people are saved by grace alone and not by deeds. Jesus Christ sacrificed his life on the cross to do what was needed to turn people back to God. Gay people do not have to "sacrifice" their sexuality to become acceptable to God! Should people try TO DO something to be accepted by God, they inherently deny the unique sacrifice of Christ, and this is not what God demands from us!

- We believe that being gay is not a sin that needs to be confessed.
- We believe that being gay is not an aberration that needs to be set right.
- We believe that being gay is not a mental illness that needs to be cured.
- We believe that being gay is not a demon that needs to be cast out.
- We believe that being gay is a privilege.
- We believe that being gay is a gift from the Creator that should be celebrated in life.